

WAPEN VAN ARMS OF  
JAN VAN RIEBEECK JAN VAN RIEBEECK

**1652**                                   **1952**

Byvoegsel tot „Pretoriana”,  
Nos. 3 en 4, Maart 1952.

Supplement to "Pretoriana",  
Nos. 3 and 4, March, 1952.

Volgens 'n ontwerp deur Mev.  
Phyllis Emily Punt in borduur-  
werk uitgevoer op linne.

From a design executed in  
embroidery on linen by Mrs.  
Phyllis Emily Punt.

# PRETORIANA

**1652 Jan van Riebeeck 1952**



*Genootskap Oud-Pretoria - Old Pretoria Society*

Kopiereg voorbehoud

Copyright reserved

## INHOUD - CONTENTS

- Mnr. Mr. W. Punt: 1652-1952
- Dr. J. Ploeger: Uit Bewoë Tye
- Dr. J.A. Valks: De Bruyn se Skoenwinkel
- Mr. H.P.H. Behrens: Investigation Baines Paintings
- Grant of Arms
- Die "Eeufees-album"; The "Centenary-Al bum"
- Mnr. C. Morgan: Herinnerings uit Oud-Pretoria
- Mnr. H.P.H. Behrens: Kochstraat en Bosmanstraat
- Mr. C.J. Beanes: Streetnames of Pretoria
- Dr. T.S. van Rooyen: Oorlog en 'n koerant

**GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**

(Gestig 22 Maart 1948)

**OLD PRETORIA SOCIETY**

(Founded 22 March 1948)

**Bestuur - Committee**

W. Punt M.A. (Voorsitter/Chairman); Prof. Dr. A.N. Pelzer (Onder-voorsitter/Vice-Chairman); Dr. F.J. du T. Spies (Sekretaris/Secretary); Mej./Miss J.H. Davies, M.A.; (Onder-Sekr./Vice-Secr.); Dr. J. Ploeger (Penningmeester-Argivaris/Treasurer-Archivist); Mnr./Mr. J.P. Kleynhans; Dr. V. FitzSimons; Mevr./Mrs. H. Greenless; Mmre./Messrs. J.P. Jooste; J.C. Vlok; H.P.H. Behrens.

Redaksieraad van "Pretoriania"/Editorial Board of "Pretoriania": Mej./Miss J.H. Davies, M.A., Dr. F.J. du T. Spies; Dr. J. Ploeger; Mnr./Mr. J.C. Vlok.

Adres van die Sekretaris/Address of the Secretary: Dr. F.J. du Toit Spies; Posbus/P.O. Box 1422, Pretoria.

Verantwoordelik vir Nrs. 3 en 4/Responsible for Nos. 3 and 4: Dr. J. Ploeger.

**ASSOCIATION OLD PRETORIA  
CONSTITUTION 1949**

1. The name of the society is the "Association Old Pretoria".
2. The Association shall confine its activities mainly to the city and district of Pretoria.
3. The Association functions as an independent body and has the following aims:
  - (a) To trace historically interesting buildings and places and to compile, in a register kept for the purpose, authentic data concerning them.
  - (b) To investigate unprotected or insufficiently protected historical objects or material and to take the necessary steps for their adequate safe keeping or preservation.
  - (c) To collect documents, objects or material of historical interest and, as circumstances require, care for them itself or hand them over to the most suitable body or institution for safe keeping.
  - (d) To make permanent record, in writing, in pictures or in other ways, of historical facts and to endeavour to supplement and complete such record by means of authentic data, for the furtherance of an accurate depiction of the history of the city and district of Pretoria.
  - (e) On its own initiative to devise plans and to take action in connection with historical celebrations which have Pretoria as their focal point.
  - (f) To render assistance in connection with determining, giving or altering historical names with respect to any part or portion, e.g. streets, squares, watercourses, and places of note, of the city or the suburbs or the district of Pretoria.
  - (g) To take all such steps as may be necessary for the attainment of the Association's aims.

4. The Association, while preserving its own identity, is prepared to co-operate with the competent authorities of the Union Government, the Transvaal Provincial Administration, the Municipality of Pretoria, and, if it so thinks fit, with any other institution, body or person, for the realisation of the abovementioned aims.
5.
  - a) The membership of the Association is limited to a hundred, but the executive committee reserves the right to depart from this rule in exceptional circumstances.
  - b) All persons who contributed to the establishment of the Association and such persons as may join it on the invitation of the executive committee shall be members of the Association, provided that no person shall be eligible for membership who has not resided for at least one year in the city or district of Pretoria.
  - c) The executive committee reserves the right to terminate membership without giving its reasons for so doing.
  - d) When a person becomes a member of the Association, he or she will be expected to contribute five shillings, and the executive committee has the right, necessary, to decide on additional levies not exceeding five shillings per year. (now 7s. 6d. or 10s.).
6. The executive committee of the Association shall consist of a chairman, a vice-chairman, a secretary, a vice-secretary, a treasurer, an archivist and four other members. Six members of the executive committee, including the chairman or vice-chairman and the secretary, shall form a quorum. The executive committee shall be elected at the annual general meeting on the understanding that the executive committee elected at the first meeting shall hold office until the first annual general meeting in November, 1949.
7. The executive committee shall have the right to nominate sub-committees consisting of members of the Association to investigate some or other subject. Any sub-committee shall have the right to co-opt other persons, not necessarily members of the Association.
8. The annual general meeting of the Association shall be held in November of each year, and the executive committee has the right to call special meetings from time to time.
9. This constitution can be amended by a two-thirds majority of members present at a meeting of members, provided a month's notice of such meeting and of the proposed amendment has been given.
10. English and Afrikaans are the official languages of the Association.

Ekstra eksemplare verkrybaar by:

UNIE-BOEKHANDEL, Kerkstraat 236, Pretoria.

Extra copies obtainable at:

UNION-BOOK STORE, 236 Church Street, Pretoria.

Prys Nrs. 3-4 2/-.  
Subscription 5/- p.a.

Price Nos. 3-4 2/-.  
Intekengeld 5/- p.j.

1652-1952

Ter gelegenheid van die Drie-Eeu fees van die landing van Jan van Riebeeck bied die Genootskap Oud-Pretoria u hierdie besondere uitgawe van "Pretoriania" aan.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van ons stad is Pretoriania in die gelegenheid om 'n eeu fees van die stigting van Suid-Afrika te vier. Oor drie jaar is Pretoria honderd jaar oud, maar dit pas ons as burgers om tans aan die 300-jarige bestaan van ons volksplanting te dink, destemeeer daar daar 'n opvallende ooreenkoms en nou verband tussen die stigting van Kaapstad en Pretoria bestaan.

Van Riebeeck en die syne het in 'n woeste land wat deur barbare en wilde diere bewoon was aangekom. Met moed, vlyt en ondernemingsgees het die stigters van Kaapstad 'n nuwe tuiste vir die witman in die wildernis geskep. Geleidelyk het langs die strome aan Tafelberg se voet aanleggies en hartbeeshuise ontstaan en in die nuwe vaderland het die inwoners die taal, godsdienst, wette, boustyl, sedes en gewoontes van Nederland gehandhaaf.

Twee eue later het die nasate van die Vryburgers die beskawingsmetodes van Van Riebeeck ten noorde van Vaalrivier herhaal. Onder aan die voet van die randjies van Elandsport al langs die Aapiesrivier het die Voortrekkers en Marthinus W. Pretorius 'n dorp aangelê. Net soos hul voorouers aan die Kaap moes die pioniers die nuwe tuiste teen inboorlinge en wilde diere beskerm. Maar mettertyd het die aanleggies aan die Aapiesrivier die hoofstad van die Unie van Suid-Afrika geword. Tot hede toe getuig die taal, godsdienst, kultuur en boustyl van 'n groot gedeelte van die inwoners van Pretoria dat hul nasate van Jan van Riebeeck se Vryburgers is, wat bewus of onbewus die tradisies van hul voorouers voortplant. In hierdie uitgawe sal die welwillende leser dan ook stukke uit die V.O.C.-tydperk en Pretoria se vroegste jare vind.

**W. PUNT**  
**Voorsitter.**

On the occasion of the Tercentenary of the landing of Jan Van Riebeeck the Old Pretoria Association presents to you a special issue of "Pretoriania".

For the first time in the history of our city Pretorians have the opportunity of celebrating a centenary of the founding of South Africa. In three years' time Pretoria will be a hundred years old, but it befits us as South Africans to think now of our settlement's 300 years of existence. All the more because there is a striking resemblance and close connection between the founding of Cape Town and that of Pretoria.

Van Riebeeck and those with him came to a desolate land inhabited by barbarians and wild animals. With courage, diligence and enterprise the founders of Cape Town created in the wilderness a new home for the white man. Gradually along the streams at the foot of Table Mountain small farms and hartebeest-huts came into being, and in the new fatherland the inhabitants maintained the language, religion, laws, architecture, morals and customs of Holland.

Two centuries later the descendants of the Free Burghers repeated the civilizing methods of Van Riebeeck north of the Vaal River. At the foot of the little ridges of Elandspoort all along the Aapies River the Voortrekkers and Marthinus W. Pretorius laid out a town, just like their forefathers at the Cape the pioneers had to protect the new home against aborigines and wild animals. But in the course of time the small farms on the Aapies River became the capital of the Union of South Africa. To this day the language, religion, culture and architecture of a great portion of the inhabitants of Pretoria bear witness that they are descendants of Jan Van Riebeeck's Free Burghers, consciously or unconsciously propagating the traditions of their forefathers. In this issue too the well-disposed reader will find pieces both from the Company's period and Pretoria's earliest years.

W. PUNT  
*Chairman.*

# UIT BEWOË TYE

*Die Herinnerings van Hendrik Stiemens  
Eerste goewermentsonderwyser van Pretoria.*

DEUR DR. J. PLOEGER (1)

Een van die kenmerke van die jong Voortrekkersamenlewing in die Vrystaat en Transvaal was die nypende gebrek aan deeglik opgeleide onderwysers om die jeug te onderrig. Die Voortrekkers het meer as eenkeer pogings aangewend om hierdie toestand, wat deur hulle as uiters ongewens beskou is, te verbeter.

In Nederland het die Voortrekkervriend prof. U.G. Lauts van die wens van sy vriende verneem. Hy was daarvoor verantwoordelik dat die Transvalers twee Nederlandse onderwysers verkry het. Hulle was Hendrik van der Linden en W.J. Spruyt, onderwysers wat in 1851 op Potchefstroom en Rustenburg begin werk het. Verder het 'n kerklike kommissie in Amsterdam vir die uitsending van die onderwyser W. Poen gesorg. Terwyl die twee eersgenoemdes as goewermentsonderwysers in Transvaal begin het, het Poen in Lydenburg in diens van die plaaslike kerkraad begin werk.

Op dié wyse kon die Transvaalse jeug in 1851 oor drie bevoegde onderwysers beskik.

Agt jaar later het die eerste goewermentsonderwyser van Pretoria, Hendrik Stiemens, sy intrede in die teenwoordige Transvaalse hoofstad gedoen.

Stiemens het sy nuwe vaderland op verskillende wyse gedien. Aanvanklik was hy onderwyser, daarna sekretaris van President Stefanus Schoeman, met wie hy al die wel en wee tydens die Transvaalse woelings van die vroeë sestiger jare gedeel het. Daarna het 'n tydjie gevolg waarin Stiemens as privaatonderwyser opgetree het. Deur Staatspresident M.W. Pretorius daarvoor aangesoek het Stiemens weer in die staatskantoor op Pretoria begin werk om tydens die Eerste Anneksasie in 1879 af te tree.

Daarna het hy 'n tydlank in Nederland vertoeft om daarna weer as Waarnemende Superintendent van Onderwys die drie jaar tussen die aftrede van ds. S.J. du Toit en die aanstelling van prof. N. Mansvelt te vul.

Dit was tydens sy verblyf in Nederland dat Stiemens 'n tweetal lesings oor sy ervarings in Suid-Afrika gegee het. In die dertiger jare is dié mededelings in 'n maandblad in Nederland, die bekende letterkundige tydskrif "De Gids" gepubliseer sonder dat die naam van die opsteller daarby vermeld is.

Die skrywer was onlangs so gelukkig om met 'n familielid van Stiemens in Nederland in verbinding te kom. Tans is die waardevolle beskrywing van die eerste goewermentsonderwyser van Pretoria in ons land.

Die beskrywing, wat in 'n netjiese handskrif geskryf is, beslaan ruim 120 bladsye, waarvan 'n groot gedeelte uit waardevolle gegewens bestaan oor Natal en Transvaal in die laaste deel van die vyftiger, die sestiger en sewentiger jare van die vorige eeu. Soos reeds vermeld het Stiemens 'n rol in die woelings gespeel wat in die sestiger jare die Transvalers 'n tyd lank verdeel gehou het. Aangesien hy 'n belangrike ooggetuie van hierdie stryd was, is sy mededelings ook in die verband waardevol.

Hendrik Stiemens het, as gevolg van briefwisseling met die Voortrekker vriend prof. U.G. Lauts besluit om van Suid-Afrika sy nuwe vaderland te maak.

Aan die begin van Desember 1856 het hy, sy eggenote en 'n baba van vier maande in Amsterdam aan boord van die fregatskip "Prins Frederik" gegaan, nadat prof. Lauts hom teen 'n salaris van ruim £ 250 per jaar as onderwyser te Pinetown (Natal) aangeneem het. Prof. Lauts, aldus Stiemens, het dit in sy hoedanigheid as saakgelastigde vir die Boere gedoen.

Na 'n onaangename seereis het die passasiers aan die begin van Mei 1857 aan die Kaap aangekom. Die aanblik van die stad was verruklik, die verblyf van drie weke in Kaapstad besonder aangenaam. Byna was die "Prins Frederik" by sy vertrek gestrand. Van die Kaap na Port Natal (Durban) het storms die reis onaangenaam gemaak. Kosskaarste aan boord en een kommetjie met drinkwater per dag het die reis ondraaglik gemaak.

Eindelik het die baai in sig gekom, maar van die kus is gesein dat die skip in volle see moes bly omdat 'n storm verwag is. 'n Verskriklike storm, gepaard gaande met 'n kwaai donderstorm, het die skip in 'n haglike toestand laat verkeer. Die bemanning het gesukkel om sy werk te verrig, terwyl die kaptein geen woorde van troos of bemoediging aan die wanhopige passasiers gerig het nie. Gelukkig het die storm bedaar, maar die skip is op so'n wyse deur die golwe heen en weer geslinger dat dit ver uit sy koers geslaan is. Na veertien dae, nou onder gunstiger omstandighede, het die "Prins Frederik" sy anker eindelik in die baai van Port Natal laat val.

Met 'n tweetal skuite is die passasiers na die strand vervoer, waar - aan die waterkant - twee ossewaens gereed gestaan het om reisigers en bagasie te vervoer.

Die reisigers wat geen plek op die waens kon kry nie, is deur

Naturelle na die vaste wal gedra.

Vir die meeste reisigers, onder wie Stiemens, was die bestemming van die reis Pinetown, waar hulle in diens van die Nederlandse kolonis Colenbrander sou tree.

'n Stewige maaltyd in Durban het die ellendes van die seereis laat verdwyn, maar 'n wrede ontnugtering het vir Stiemens gevolg. Hy het Colenbrander in Durban ontmoet, hom sy aanstellingsbrief gewys en moes daarna verneem dat dit van geen waarde was nie. In Pinetown het slegs een Nederlandse gesin gewoon en hulle het reeds 'n huis onderwyser besit.

Stiemens was teleurgestel, maar Colenbrander het aangebied dat hy die onderwyser en sy gesin sou huisves, terwyl twee Transvalers met diesel fde aanbod gekom het indien Stiemens hom metterwoon in die Oorvaalse wou vestig. Dit was onmoontlik. Immiddels het Stiemens besluit om afleiding in Durban te vind. Die stad, aldus ons mededeler, was nog in aanbou, orals het hulle Engels gehoor en gesukkel om hulle verstaanbaar te maak.

Kort daarna het 'n dertigtal landverhuisers per ossewa na Pinetown vertrek. Die natuurskoon het die aandag van die reisigers geboei, terwyl op die plaas van Colenbrander nog veel meer te sien was wat die aandag van Stiemens en die syne so besig gehou het dat hulle ongetwyfeld al hul leed tydelik vergeet het.

Colenbrander was besig om 'n indigofabriek op te rig, het katoenstruiken geplant en in sy tuin 'n groot hoeveelheid pynappels gekweek. Later sou Stiemens verneem dat die poging van Colenbrander misluk het. Die onderneming het hierdie staatmaker baie geld gekos, maar tot vandag toe is die naam Colenbrander aan die Natalse dorpie Nieu-Gelderland verbind, die plek waar hy en sy familielede saam met 'n aantal Nederlandse immigrante met suikerplantasiebou begin het.

Stiemens het rusteloos begin word en besluit om van Pinetown na Pietermaritzburg te stap om daar sy geluk te beproef. Die nagtelike donker het hom oorval, hy het 'n paar uur in die ruigtes lê en slaap, maar is deur die gehuil van jakkalse en ander klein wild wakker gemaak. Hy het opgestaan, weer verder gestap en gedwaal totdat hy eindelik 'n huis gewaar en daar onderdak gekry het.

Die volgendeoggend was hy vroeg uit die vere en het betreklik gou in Pietermaritzburg aangekom. Daar was hy so gelukkig om 'n paar medepassasiers van die "Prins Frederik" te ontmoet wat hom aan 'n Afrikaner bekend gestel het. Uit sy mond het Stiemens verneem dat hy in Pietermaritzburg geen werk sou vind nie. Allereers was alles Engels en verder moes Stiemens eers met die

gewoontes van sy nuwe land vertroud raak. Daarom, aldus sy segsman, sou dit die beste wees om eers boereskoolmeester te word. Die raadgewer, na wie Stiemens goed geluister het, het vertel dat sy swaer, 'n boer, in Pietermaritzburg was en waarskynlik graag 'n onderwyser vir sy kinders sou wil hê.

In die volgende woorde deel Stiemens 'n deel van die gesprek tussen die toekomstige werkewer en die nuwe meester mee.

"Hij: Is jij die Hollander wat kom jij maak?

Ik: Ja Mijnheer ik ben Hollander en ben met myne familie hier gekomen om Afrika tot myne woonplaats te kiezen.

Hij: Nou, ons is schaarsch van Hollanders. Jij wil schoolmeester wor nê?

Ik: Als ik goed geplaatst kan worden, ja."

Daarna het die ondersoek na die bekwaamhede van die onderwyser begin, nadat 'n Bybel te voorskyn gebring is.

"Kan jij lees?" was die eerste vraag. Nadat Stiemens bevestigend geantwoord het, is hom versoek om 'n deel uit Genesis of Ek sodus voor te lees. Vervolgens is die vraag gestel of die meester kan skryf. Weer het Stiemens bevestigend geantwoord, waarop die versoek gevolg het om 'n deel van Gesang 24 te sing. Vervolgens het die versoek gekom om Psalm 25 "met draayers" te sing. Meester het nie geweet wat van hom verlang is nie, maar nadat sy ondervraer hom Psalm 25 voorgesing het, het Stiemens verklaar dat hy die kuns, om "met draayers" te sing, verstaan. Die ondersoek het bevredigend verloop en daarna is die voorwaardes vir indiensneming bespreek.

Stiemens is £3 per maand aangebied om die ses kinders van sy werkewer te onderrig. Van ander kinders kon hy vyf sjielings skoalgeld per maand vra. Verder sou hy vry kos en inwoning ontvang, terwyl klere nie by die vergoeding ingesluit was nie.

Stiemens wou graag meer besonderhede weet en het gehoor dat hy en sy gesin weekliks 'n bok of 'n hamel, wildvleis, meel en vet sou ontvang. "Uw vrouw kan dan banje bak en keerse maak", is daaraan toegevoeg. Toe Stiemens geantwoord het dat sy vrou dit nie kan doen nie, moes hy hoor: "Nou is dan die Hollandsche vrouwen zoo gevrot dat zij dat niet kan nie? da's aardig, dan zal mijn ou vrouw dat wel doen."

'n Paar dae later was Stiemens en sy gesin op die plaas van sy eerste werkewer in Suid-Afrika, mnr. Marais, wat aan die Boesmansrivier gewoon het.

Spoedig het dit die onderwyser duidelik geword dat die stelsel bestaan het om kinders in te prent dat onderwysers as strafwerkuitie gehuur is, pleks dat hulle as kindervriende beskou is. Die verwelkoming was buitengewoon hartelik en daarna is die besoekers met 'n "Kom nader" in die woning binnegelei. Kort

daama is die eerste Boeremaaltyd aan die gaste voorgesit. Kop, pens en pootjies, stampmielies en aartappels wat in suiker gestoof was, brood, botter en melk het uitstekend gesmaak. Kort daarna is die kliphuis besigtig. Stiemens het die kooigoed van die wa afgehaal en spoedig het die vermoeide reisigers geslaap. Plotseling is 'n geluid gehoor soos die gestamp van die voete van 'n regiment voetvolk. 'n Trop bokke, wat voorheen in die kliphuis oormag het, is gedwing om die hasepad te kies. Veiligheidshalwe het die verskrikte meester die deuropening toegemaak en op die skooltafel gaan slaap. Die nag het verder sonder noemenswaardige voorvalle verloop en die volgende dag het almal hard gewerk om die kliphuis behoorlik bewoonbaar te maak.

Die volgende dag was 'n Sondag. Van heinde en ver het vriende opgedaan om met die nuwe meester kennis te maak. Sommige het hul kinders gebring, ander het biltong, aartappels of boerbeskuit gebring. Meester moes die diens lei en het 'n gedukte preek voorgelees.

Maandag het die skool begin. Om nege uur het die kinders opgedaan. Vrees was op almal se gesiggies. Hulle het aldus Stiemens gedink dat hy met die stok sou begin en met die sweep eindig. Dat was gewoon in dié dae, want die meeste skoolmeesters van die ou tyd was gedroste matrose, aldus Stiemens. Spoedig het die kinders ontdek dat die nuwe meester 'n kindervriend was, die kinders was leergierig en mnr. Marais het ook dikwels kom luister. Ses lesure per dag en vry op Saterdae en dan het Stiemens groente begin plant en blomsaad saai. Maar 'n strawwe haelstorm het gekom, alles verwoes en sowel meester Stiemens as mnr. Marais kon weer van vooraf begin.

Meester moes in die begin nog heelwat leer. Op 'n sekere dag het 'n jong kui ergas op die plaas verskyn. In die skool het die dogters begin lag. Meester het niks daarvan verstaan nie, maar die volgende dag het hy vermeem dat Gileam en Dirkie opgesit het "tot de keers dood was".

Meester het dit as sy plig beskou om hom op emstige wyse met Dirkie te onderhou. Sou soiets weer gebeur, dan sou hy haar verdere toegang tot die skool ontsê. Daarna het hy alles aan mnr. Marais gaan vertel. Groot was sy verbassing toe sy verhaal met gelag aangehoor is. Toe moes die onderwyser vermeem dat dit die gewoonte was wanneer 'n paartjie verloof raak. Tewens was Gileam 'n ordentlike seun en Dirkie oud genoeg om te trou.

Nege maande het Stiemens sy werk in diens van mnr. Marais verrig. Daarna was die ouers van mening dat hul kinders ver genoeg gevorder was om belydenis te kan doen. Aansoeke van ander ouers het gekom en kort daarna het Stiemens en sy gesin na Moirrivier se wêreld getrek om daar, in diens van mnr.

Lötter, nie alleen 'n besonder aangename tyd nie, maar ook 'n periode van verder leer en aanpas deur te bring.

Die plaas was een van die mooistes van Natal, die plaasbewoners welgesteld.

Pragtige spanne osse, volgens kleur uitgesoek en meer as 250 perde was 'n lus om te sien. Mr. Lötter het jaarliks 50 jong perde aan die Engelse leer verkoop waarvoor hy per stuk van £25 tot £50 ontvang het. Daarby was hy 'n bedrewe stoker van perskebrandewyn. "Tant Bella" was 'n werksame, sorgsame huisvrou. Wat hak en kook betref was sy onoortreflik. Sy het kerse gemaak, asyn vervaardig en seep gekook. Van skoenmakerswerk en kalkbrand het sy verstand gehad. Haar skape of bokke het sy soos die beste slagter geslag. Die gesin was met agt kinders geseen. Mevr. Stiemens het heelwat nuttige wenke van haar gasvrou ter harte geneem. Nege maande het meester Stiemens die jeug onderrig en wanneer hy sy herinnerings aan sy verblyf aldaar afsluit, dan getuig hy dankbaar:

"nog lang zal het mij een aangename herinnering zijn de goedheid en beleefdheid gedurende ons verblijf aldaar bewezen". In die volgende gesin was daar huislike moeilikhede, terwyl die kos ook nie te ruim toebedeel was nie. 'n Onaangename voorval het die stemming tot so'n mate bederf dat Stiemens besluit het om te probeer om in Greytown aan die slag te kom.

Die vooruitsigte aldaar was nie te gunstig nie. Redding het gekom in die vorm van twee briewe, afkomstig van Staatspresident M.W. Pretorius en Staatsprokureur Proes. Albei het Stiemens uitgenooi om na die Oorvaalse te kom.

"Altijd had ik lust gehad om in dat nog woeste land te wonen", skryf Stiemens. Sy vrou het die gedagte ook toegelag om na Transvaal te gaan. Voorberei vir 'n lang reis wat volgens skatting ongeveer ses weke sou duur, was die Stiemensgesin nie. Gelukkig het hulle daarin geslaag om 'n ossewa te kry, waarvan die eienaar bereid was om hulle teen betaling van ongeveer £75 na Transvaal te vervoer.

Aan die begin van September 1859, aldus Stiemens, is die reis aanvaar. 'n Nederlandse boukundige, wat sy heil as timmerman in Transvaal sou soek, is tydens die reis oorlede nadat deur 'n ongelukkige sameloop van omstandighede 'n wawiel oor sy liggaam gegaan het. Die reis was vol awonture. Wild van alle soorte was nog volop en na 24 dae het die reisigers 'n viertal veeboere ontmoet wat met hul skape op trek was om beter weiding te soek. Hulle was tewens wildjagters en volgens Stiemens "regte Enaks-kinderen".

Nadat nog 'n buffeljagter by die Vaalrivier ontmoet is, wat mevr. Stiemens met 'n paar pragtige volstruisvere en buffel-

biltong vereer het, het die ossewa op 11 September 1859 deur die strate van Potchefstroom gerol.1)

'n Nuwe hoofstuk in die geskiedenis van Stiemens se loopbaan in Suid-Afrika het begin.

In Potchefstroom, in daardie dae die setel van die Transvaalse regering, is Stiemens op gasvrye wyse deur die Staatsprokureur, mnr. B.C.E. Proes, ontvang. Die Goewermannsekretaris was so bereidwillig om die nuwe onderwyser aan Staatspresident M.W. Pretorius voor te stel.

Verbasing oor die eenvoudige woonhuis van die staatshoof spreek vandag nog uit die aantekeninge van Stiemens. Hy het die President in 'n groot vertrek aangetref. 'n Kers, wat op 'n ongeverfde tafel gestaan het, het die Staatspresident en sy gade die nodige lig verskaf. President Pretorius was in 'n molvelpak gekleed, mevrou Pretorius het 'n kappie gedra terwyl 'n bont doek oor haar skouers vasgemaak was.

Spoedig het die besoeker ontdek dat die Staatspresident oor 'n gesonde oordeelsvermoë beskik het. Stiemens is vrye keuse in verband met sy standplek toegestaan en hy het besluit om Pretoria te kies. In die President se kantoor is die aanstellingsbrief opgestel en onderteken en daarna het die staatshoof die pasbenoemde onderwyser op só'n wyse togespreek dat dit diep indruk op Stiemens gemaak het.

Die salaris is op £90 per jaar vasgestel, waarby die opbrengs van skoolgeld gevoeg is. Die volgende dag is nader met die Staatspresident kennis gemaak, terwyl Potchefstroom besigtig is. Dit was, aldus Stiemens, 'n mooi dorp wat uit ongeveer 30 tot 40 huise bestaan het. Die meeste huise was winkels waarin bæie handel gedryf is.

Nadat die onderwyser en sy vrou die nodige padkos gekoop het, is hulle per ossewa na Pretoria. Under gewone omstandighede was dit 'n reis van drie dae, maar die wadrywer het dikwels uitgespan. Stiemens het die oponthoud nie betreur nie, die ossewa het van plaaswoning na plaaswoning gery, orals is nuwe indrukke versamel en na sewe dae het die reisigers in Pretoria aangekom.

'n Paar jaar na die stigting van Pretoria het die eerste goewermannsonderwyser sy verskyning gemaak in 'n klein dorpie wat later tot 'n groot stad sou uitgroeи. In 1859 was daar 'n kerk, 'n kantoor, twee winkels en drie woonhuise. Naby die jong dorpie was 'n paar plaaswoniings. Die handjievol inwoners was bly om 'n onderwyser in hul midde te hê en het hulle beywer om die nuwelinge onderdak te verskaf. Stiemens en sy vrou en baba het hul intrek in 'n klein, maar gerieflike huis op een van die plase geneem. Saans is meel, vleis en ander benodighede ongevra

gebring. Dit het die verhouding besonder veraangenaam, maar aan die ander kant moes die meester en sy vrou heelwat ontbeer wat hulle in Holland as vansel fsprekend beskou het. Mevrou Stiemens moes brood bak en seep en kerse maak, meester Stiemens was verplig om sy eie skoene te maak en te herstel. 'n Skoolgebou was nie aanwesig nie, maar spoedig het behulpsame en vaardige hande 'n bestaande hartbeeshuisie in 'n skool verander. Tafels en skoolbanke is gemaak en binne 'n week was die nuwe meester deur 'n twintigtal leerlinge omring.

Tydelik het die hartbeeshuisie goeie dienste bewys, maar Stiemens het op die bou van 'n skool aangedring. Weer het hy nie vergeefs 'n beroep op die Pretorianers gedoen nie. Van al kante het hulp en steun opgedaan. Die een ouer het stene gebring, die ander het met gras vir die dak gekom, 'n paar het kalk gebrand, weer ander het klei en sand gebring, terwyl die beter bemiddeldes hul hydraes in die vorm van geld gegee het (2). Na drie maande was 'n uitstekende skool gereed, 'n gebou waarin Stiemens 'n sestigtal kinders onderrig het. Hoe begerig die ouers was om hul kinders aan 'n opgeleide onderwyser toe te vertrou, blyk uit die mededeling dat sommige boere dorpswaarts gekom het om hul kinders in die geleentheid te stel om onderwys te ontvang. Hulle het hartbeeshuise gebou en tydelik daarin gewoon om hul kinders in staat te stel om te leer.

Meester Stiemens het ook nog ander werkzaamhede verrig. Op Sondae moes hy in die eenvoudige kerkie op die teenwoordige Kerkplein die godsdienssoefeninge lei, terwyl maar al te dikwels ouers gekom het om 'n ou horlosie of 'n groter uurwerk te laat herstel. Volgens hulle was die nuwe meester in alles bedrewe. Wanneer hy die teenoorgestelde beweer het, dan was hulle nie daarmee tevrede nie. Soms moes ou Bybels in 'n nuwe band gesteek word, dan was Stiemens weer bedrywig om testamente op te stel. In die laaste geval was die vergoeding £1 vir elke testament wat hy opgestel het.

Uit die volgende mededeling blyk wat sommige ouers as doelstelling van die onderwys beskou het. Eendag het 'n moeder haar agtienjarige seun skool toe gebring. Die seun kon nie lees nie en Stiemens het besluit om sy nuwe leerling te leer spel. Dit was nie volgens die smaak van die moeder nie, wat 'n Bybel saamgebring het. Haar kommentaar was: "Nee, hy moet maar net nou in die boek lees hy moet lidmaat wor' hy wil bietjie gaan trouw", aldus Stiemens in sy beskrywing.

Kort daarna is Stiemens in staat gestel om 'n eie huis te koop. Die vorige eienaar, wat 'n nuwe woning gebou het, het egter die deure uit sy ou huis verwyder. 'n Skrynerwerker was onbekend in Pretoria en bygevolg was Stiemens verplig om eiehandig deure te maak.

Geselligheid was 'n kenmerk van die outydse samelewing in Pretoria. Wanneer saans 'n geweerskoot by 'n woning geknal het, dan was dit die teken vir die dorpsgenote om daar te gaan kuier. Almal is gasvry onthaal, want - soos Stiemens dit gestel het - almal was burgers van die Republiek en almal het soos seuns van een huisgesin saamgeleef.

Terwyl die oueres gesels het, het die jonger geslag so'n aangename aand dikwels met 'n dans afgesluit.

Ruimte was daar vir almal, grond was volop. Wie voor 1859 in Transvaal kom woon het, was vry om twee plose volgens sy keuse uit te soek, wie **later** verskyn het, was op een plaas geregtig. Die eienaar was verplig om vir elke plaas jaarliks £1 belasting te betaal. Plaasregte het dikwels van eienaar verwissel. Stiemens maak melding van 'n bottel perskebrandewyn, terwyl hy persoonlik op die wyse 'n plaas vir 'n ou silwer horlosie gekry het, 'n plaas wat hy ses jaar later vir £150 verkoop het.

Stiemens se skool het aanvanklik in 'n bloeiende toestand verkeer. In oorleg met die Staatspresident het hy besluit om, behalwe lees en skryf, ook ander leervakke soos aardrykskunde en rekene te onderwys.

Die eersgenoemde nuwe vak sou sy skool spoedig ernstig in die gedrang bring. Toe die meester die vraagstuk van die draaiing van die aarde ter sprake gebring het, het die ouers daarin 'n leer van die Antichrist gesien, met dié gevolg dat aan die einde van dieselfde maand van die tagtig leerlinge nog slegs 'n dosyn oorgebly het.

Op hierdie tydstip het 'n wending in die staatsake in Transvaal die onderwyser tydelik uit sy netelige posisie verlos. Staatspresident M.W. Pretorius is met meerderheid van stemme as staatshoof van die susterrepubliek gekies. In die Suid-Afrikaanse Republiek is Stefanus Schoeman als waarnemende Staatspresident aangestel. Hy het Stiemens versoek om teen 'n salaris van £200 per jaar as Staatsekretaris op te tree, 'n aanbod wat aanvaar is.

Deur bogenoemde benoeming aan te neem het Stiemens van nou af ten nouste met die Transvaliese politieke wrywings van sy tyd in aanraking gekom. Die posisie van Schoeman was van die begin af moeilik, aangesien die (enkel) Gereformeerdes onder leiding van die latere Staatspresident Kruger hul ontevredenheid oor die aanstelling van Schoeman nie weggesteek het nie, aldus Stiemens. Alvorens Stiemens die verloop van hierdie stryd skets, wy hy sy aandag aan 'n tweetal reise wat hy saam met Schoeman onderneem het. Die eerste reis was na Soutpansberg, vanwaar die regering klagtes ontvang het as sou die blankes die Naturelle op barbaarse wyse behandel het. Dit het geblyk dat 'n klein aantal

blankes krale aangeval en vee van die Naturelle gesteel het. Schoeman, sy seun en Stiemens het met 'n tagtig stamhoofde vergader, maar die skuldiges was nie van plan om hulle aan die straffende hand van die geregt te onderwerp nie. Hulle het 'n poging aangewend om die kommissie van ondersoek te verja, 'n poging wat misluk het. Later het die Naturelle self die wet in hande geneem, aldus Stiemens.

Soutpansberg was in die dae 'n belangrike handelsentrum. Olfantstande, waarvan sommige meer as 120 pond geweeg het, is vir krale en koper ringe verruil.

Kort voor die terugreis aanvaar is, het 'n Baster, wat deur die besoekers as veldkornet oor 'n aantal Naturelle aangestel was, een van sy seuns gebring en Stiemens versoek om hom in Pretoria te probeer opvoed en as kinderoppasser te gebruik. Stiemens het aanvanklik geweiер, maar die segsman het verklaar dat hy ongeveer veertig kinders besit en dat hy hulle nie almal kan kos gee nie. So het "Silo Vela" na Pretoria vertrek. By dieselfde geleenthied het 'n bediende van die Portugese konsul in Soutpansberg met 'n klonkie gekom wat 'n kaartjie om die hals gedra het, waarop geskryf was: "Present voor den Heer Stiemens". So het "Silo Vela" en "Present" na Pretoria verhuis. Terwyl eersgenoemde die gesin geruime tyd gedien het, het "Present" betreklik gou van eienaar verwissel.

Terug in Pretoria moes Schoeman ontdek dat alles in rep en roer was. Die teenparty was baie bedrywig, maar dit is noodsaklike geag om eers na Wakkerstroom en Soeloeland te gaan. Oproerigheid en die wenslikheid om 'n verdrag met Panda te sluit oor St. Luciabaai is as belangriker aangeleenthede beskou. Deur St. Luciabaai te verwerf sou die Transvalers oor 'n eie hawe beskik. Daardeur sou hulle duisende ponde invoerregte bespaar, maar tewens onafhanklik van die Brits-beheerde hawens in Suid-Afrika wees. President M. W. Pretorius sou, namens die Vrystaat, terselfdertyd sy opwagting by Panda maak.

Schoeman, Stiemens en die Staatsprokureur het op reis gegaan, terwyl die bewind aan twee lede van die Uitvoerende Raad oorgelaat is. Na vyf dae het die geselskap te Wakkerstroom aangekom, waar hulle President M. W. Pretorius en 'n paar Vrystaatse Raadslede ontmoet het. Gesamentlik het die twee groepe na Panda se stad vertrek. 'n Boodskapper is gestuur, maar Panda het laat verstaan dat hy eers die volgende dag die Boere sou kan ontvang. As bewyse van sy vredeliewende bedoelings het hy 'n wit os en 'n swart skaap gestuur.

Die volgende dag is die geselskap na Panda se verblyfplek gelei, wat deur 'n groot aantal strooise omring was waarin sy vroue gewoon het. Voor Panda se verblyfplek was 'n groot paal

opgerig waaraan 'n aantal ossesterre gehang het as tekens van sy koninklike waardigheid. Van 'n smous het die Transvaler se afgewaardiges tydens hul reis 'n paar lang stawe gekoop soos die wat deur tamboer-majoors van 'n orkes gedra word. Panda was besonder in sy skik met die een van hulle wat hom as geskenk aangebied is.

Na die gewone begroetingsplegtighede het 'n tolk die wense van die besoekers kenbaar gemaak. Aan Panda is verklaar dat die Boere vergunning wou hê om 'n pad na die baai aan te lê en toesetting om St. Luciabaai te beset.

Panda het voorlopig sy medewerking beloof en die Boere versoek om twee dae later op 'n vergadering te verskyn. Verder het hy in die vooruitsig gestel om die besoekers op 'n krygstdans te onthaal.

In die geheim het hy versoek dat die Boere hom sou help om te belet dat Ketswajo sy opvolger sou word. Die seun, wat hy as sy opvolger aangewys het, het gevlug. Panda sou graag wil hê dat die Boere hom onder hul beskerming sou plaas.

Twee dae later het die byeenkoms plaasgevind. 'n Geselskap van ongeveer twintig blankes, wat in die geheim goed gewapen was, het Panda en 'n groot aantal indoenas ontmoet. Ofskoon 'n klein aantal van hulle, met Ketswajo as segsman, besware gekoester het, het die oorgroot meerderheid die versoek van die Boere goedgekeur. Woeste krygstdanse het gevolg en nadat die besoekers weer 'n wit os en 'n swart skaap aangebied is, is die terugreis aanvaar. In die Wakkerstroomse is 'n aantal rowende en stropende Boesmans opgespoor en daarna is Transvalers en Vrystaters op pad Bloemfontein toe. Stiemens het in President Pretorius se muilewa gereis.

In Bloemfontein is die Transvalers-Vrystaatse grensgeskil opgelos en daarna kennis gemaak met George, 'n seun van Mosjesj, wat op Europese wyse gekleed was en vloeiend Engels gepraat het. Hy sou die geselskap na sy vader se stad begelei om daar die verhouding tussen Mosjesj en die Transvaler en Vrystaters te bespreek.

Mosjesj is deur Stiemens beskryf as 'n "grijze dikke kaffer". Die reeds genoemde George, wat nou sy Europese klere met die van sy stan verwissel het, het uit naam van Mosjesj gepraat. Die same spreking het in 'n huis plaasgevind, waarin Mosjesj en sy raadgewers aanwesig was. Op 'n misvuur het 'n ketel gestaan waarin koffie gemaak is wat byna ondrinkbaar vir die besoekers was.

Om die besoekers 'n indruk van sy mag te gee, het Mosjesj sewe berede regimente laat aanruk, van wie die meeste perderuiters met onbruikbare geweers bewapen was. Miskien as gevolg daarvan

het die besoekers alles kalm en sonder enige spoor van opwinding of verleenheid aanskou.

Mosjesj het, by monde van George, sy bereidwilligheid getoon om verdrae met die Transvaalse regering te sluit. Hy het beweer dat dit vrede tussen hom en die Vrystaters was. Bygevolg was verdrae oorbodig. Van Boerekant is die voorstelle verworp. Mosjesj het verneem dat die twee state saamwerk en afsonderlike ooreenkoms nie gesluit kan word nie.

Oor Winburg, en Kroonstad het Schoeman en sy reisgenote na Potchefstroom gegaan. Daar moes hulle verneem dat, tydens hul afwesigheid, die teenstanders die Goewermentskantoor in Pretoria beset en krygwet afgekondig het.

Schoeman en die syne het 'n byeenkoms belê en 400 burgers het by die geleentheid beloof om na Pretoria te gaan en die teenstanders te verdryf. Na die byeenkoms het Schoeman en die ander lede van sy geselskap in alleryl na Pretoria gery. Wel was almal bevrees, maar die toestand was minder gevaarlik as verwag is. Die Goewermentskantoor is weer deur hulle in besit geneem... Nuwe beroering is verwek deur 'n besluit van die Sinode van die (enkel) Gereformeerde Kerk in Transvaal wat volgens Stiemens besluit het om die owerheid te versoek om hul leraar, ds. D. Postma, uit die Staatskas te salarieer.

Daar is afwysend oor die versoek beskik en daarna is die Regering laat verstaan dat 'n gewapende mag sou verskyn om Schoeman en sy aanhangers uit Pretoria te verdryf. 'n Boodskapper is na Potchefstroom gestuur om die 400 burgers aldaar te versoek om hulp te kom verleen.

'n Aantal ondersteuners van Schoeman het hulle inmiddels in sy woning verskans (3), 'n gelaaide kanon voor die deur opgestel en daarna 'n afwagende houding ingeneem. Inmiddels het die vyandelike geledere aansienlik aangegroei. Die Goewermentskantoor het weer van besitter verwissel en daarna is'n afgesant van die teenparty gestuur om die sleutel van die gebou te kom haal. Hy het 'n weierende antwoord ontvang en het vervolgens verklaar dat Schoeman en sy aanhangers as oproermakers en rebelle beskou en onder arres geplaas sou word.

Volgens Stiemens was veertien weerbare mans in die weiering betrokke, maar hulle was vasberade om 'n stryd op lewe en dood teen die oormag aan te bind wat ongeveer 600 man sterk was. Tot die middag van die dag van die weiering het alles rustig verloop. 'n Hollander, wat hom van die Schoemangroep wou verwyder, is gevange geneem. Stiemens se eggenote wou na haar woning terugkeer om moontlike plundering te voorkom. 'n Ander Hollander het aangebied om haar te begelei, maar is ook gevange geneem. Mevr. Stiemens het by haar huis aangekom. 'n Verwagte

aanval het inmiddels uitgebly waarop Stiemens, wat met 'n revolver gewapen was, besluit het om huistoe te gaan om daar sy gesin te beskerm. Die vyand het hom ongehinderd laat gaan. Stiemens, wat baie vermoed was, het gaan slaap, maar is kort daarna deur sy vrou wakker gemaak met die mededeling dat 'n menigte by die huis saamdrom.

Die agterdeur van die huis is oopgebreek en voordat Stiemens kans gekry het om sy klere aan te trek het 'n dertig-of veertigtal van sy vyande die huis binnegedring en hom na die vyandelike laer oorgebring waar hy in die blok gesluit is.

Die twee Hollanders wat reeds vroeër die dag gevange geneem is, was sy maats. Die volgende dag het aangebreek. Die gevangenes is na die skoolgebou oorgebring en weer in die blok gesluit. Daar het hulle verneem dat Schreman en 'n paar van sy aanhangars in die loop van die dag na Potchefstroom vertrek het. Eers is die geselskap in die blok nog met drie en die volgende dag met twee gevangenes vermoeerder. Die blok was nou vol en op bevryding was geen kans nie, oockal omdat die vyand 500 manskappe na Potchefstroom gestuur het en heer en meester was.

Die gevangenes het, terwyl hulle in die blok gesluit was, onaangename dae deurgebring. 'n Paar gevangenes het tydelik die moed verloor, maar die meeste het volhard. 'n Transvaler het aan Stiemens gesê: "Ou meester ik zal die skandaal nie vergeet nie ik zweer ver jou as ik kom los ik zal een van die krygsraad skiet".

Later sou hierdie Transvaler bewys het dat hy geen slaaf van sy woord was nie. Hy het, tydens die gewapende botsing by Krokodilrivier, wraak geneem.

Agt dae nadat Stiemens gevange geneem was, moes die gevangenes voor die krygsraad verskyn. Hulle kon na die aanklagtes luister, maar is nie in die geleentheid gestel om te antwoord nie. Die selfde aand het 'n geheime boodskap Stiemens bereik. Indien hy na sy vyande sou oorloop, dan sou hy in vryheid gestel word en sy nuwe meesters as sekretaris kan dien. Met verontwaardiging het Stiemens die aanbod, wat volgens hom van die krygsraad afkomstig was, verwerp.

Die volgendeoggend het die gevangenis weer voor die krygsraad verskyn. As hoof van die rebelle is Stiemens toegelaat om die krygsraad, onder voorsitterskap van Kruger, toe te spreek. Stiemens het in sy pleidooi 'n beroep op die menslikheid en godsvrug van die latere Staatspresident gedoen. Daarna is die gevangenes weer na hul tydelike verblyfplek teruggevoer om na 'n half uur hul vonnisse te kan verneem. Die drie hoofbeskuldigdes, onder wie Stiemens, het verneen dat al hul besittings in beslag geneem is, hulle sou oor die grens gesit

word en is voël vry verklaar. Een en ander moes binne sewe dae ten uitvoer gebring word. Hulle kon nog kies tussen sewe dae huisarres en volledige bewegingsvryheid.

Stiemens het geweiер om die dertig pond te betaal, ses ander veroordeeldes het sewe dae bewegingsvryheid bo huisarres verkies. Vervolgens het die oorwinnaars na Potchefstroom vertrek waar staat van beleg afgekondig is.

Aanvanklik het Schoeman en die syne teen 'n oom mag stand gehou, maar later die aftog geblaas. Schoeman, wat inmiddels ook voël vry verklaar was, het na die oorkant van die Vaalrivier uitgewyk en Stiemens laat verstaan om vir beraadslaging oor te kom om te probeer om die vryheid te herwen.

Stiemens se sewe dae was verby en feitlik sonder besittings het hy na die Vaalrivier vertrek om daar, op Vrystaatse grond, onderdak by familielede van Schoeman te kry. Sy vrou en drie kinders het in die distrik Heidelberg agtergebleek. Ongeveer twee maande het Stiemens in ballingskap deurgebring, maar van verandering van die staatkundige verhoudings in Transvaal was geen sprake nie. Omdat hy niiks van sy gesin vemeem het nie, het hy besluit om ten spye van die feit dat hy voël vry verklaar was, hulle op Transvaalse grond te gaan besoek. Sy plan was om saam met sy gesin in die Vrystaat te vertoeft, sodat die gesin tenminste weer verenig sou wees. Die boer, by wie die gesin verblyf gehou het, het opdrag gekry om met 'n ou wa tot in die middel van die Vaalrivier te ry. Daar was die grens tussen die twee republieke en vandaar moes die gesin deur die water stap om die oorkant te bereik.

'n Vrystaatse boer, 'n sekere Senekal, het die bannelinge eers gehuisves en hulle vervolgens na die tydelike verblyfplek van Schoeman vervoer. Die lewe was vol moeilikhede. Verskeie versiersels moes verkoop word om die nodige te kry en vriende aan die oorkant van die Vaalrivier het berigte gestuur wat nie hoopvol vir 'n spoedige bestuursverandering was nie. Temidde van hierdie ellende het 'n afvaardiging van Mosjesj verskyn wat uit twee van sy seuns bestaan het. Hulle het aangebied om 6 000 strydbare Natuurelle te lever as hulptroope om weer aan die bewind te kom. Daarna sou Schoeman en die syne hulle moet blystaan in 'n oorlog wat hulle teen die Vrystaters sou begin. "Hoe ellendig wij het ook hadden, was er volstrekt geen sprake van aan dit verraderlike voorstel gevolg te geven", aldus Stiemens in sy aantekeninge.

Die besoek van die afvaardiging het rugbaar geword en van vyandige Transvaalse kant is die Vrystaatse regering laat verstaan dat Schoeman en die syne met Mosjesj sou saamwerk. 'n Vrystaatse kommando is uitgestuur om Schoeman, sy seun en

Stiemens aan te keer, Hulle het besluit om in spelonke weg te kniip.

'n Patrollie het wel in die nabyheid gekom, maar nik s bespeur nie. Daarna was die grootste gevaar voorlopig verby. Tog het Schoeman en Stiemens dit raadsaam geag om tydelik na 'n eensame streek te trek. Daar het hulle 'n hartbeeshuisie gebou en op blesbokvleis en vis geleef. Die nood het weer hoer geklim en die Vrystaatse regering was nog steeds van plan om die bannelinge gevange te neem.

Behoorlike kleding het begin ontbreek en wanneer die kleinspan vir kos gevra het, was daar nik s om vir hulle te gee nie. Stiemens het moed begin verloor, maar sy vrou het hom weer moed ingepraat om nie tot oorgawe oor te gaan nie.

Berig is aan die reeds genoemde Senekal gestuur om hulp te verleen. Hy het sy seun met 'n wa gestuur en 'n ou huis, wat hy en sy gesin sojuis ontruim het, aan Stiemens en sy gesin aangebied. Stiemens het die klein Senekals onderwys begin gee en kon met dankbaarheid waameem dat sy dierbares weer enigsins al die onberings te bowe gekom het.

Schoeman en die syne kon dit ook nie langer uithou nie en kort daama het almal weer onder een dak gewoon.

Die rus is weer versteur toe 'n Vrystaatse patrollie opgedaag het om die bannelinge na Bloemfontein oor te bring. Die kommandant wat van die valse aantygings verneem het, aldus Stiemens, het geweier om sy opdrag uit te voer. Hy het Schoeman en die ander bannelinge aangeraai om vrywillig na die Vrystaatse hoofstad te gaan om daar verantwoording af te le.

Met 'n perdekar is die reis ondemeem, maar die vertrek het aan die oorkant van die rivier bekend geword. 'n Transvaliese mag het die agtervolging begin, maar die reisigers nie ingehaal nie. In Bloemfontein het hulle hul saak in hande van die Uitvoerende Raad gelê. Almal is vrygespreek en is van 'n aantal begeleiders voorsien wat hulle na hul gesinne teruggebring het.

Weer het ook die berig oor die Vaalrivier gegaan. Binne veertien dae het die bannelinge verneem dat ongeveer 200 weerbare mans in Potchefstroom versamel het om Schoeman en Stiemens, saam met hul gesinne, weer na Pretoria terug te bring. Toe Stiemens in Potchefstroom aangekom het, het hy ongeveer 400 burgers aangetref. Die teenparty het die plan probeer veryd el, 'n skermutseling het gevolg waarin Schoeman se mag 35 krygsgevangenes gemaak het. Hulle is ontwapen en sonder hul perde weer vrygelaat.

Langsaam het die opmars na Pretoria begin. 'n Aantal waens het die snelheid van die opmars vertraag, 'n krygsraad is benoem, 'n kommandant-generaal aangewys en kort voor die aankoms in

Pretoria was die krygsmag tot ongeveer 600 ruiters en 200 voetgangers aan gegroeい.

Die intog in Pretoria het in die volgende volgorde plaasgevind. Aan die voorpunt was die ruiters, daarop het 'n kanon gevolg, daarna die voetgangers en tenslotte die waens.

Die vyand, wat so'n gedugte mag nie verwag het nie, het dit veiliger geag om die aftog te blaas. Vreugdeskote het in Pretoria geknal, die vlag is gehys en Stiemens het weer intrek in sy woning geneem, nadat hy onmiddellike ontruiming deur die teenwoordige bewoners gelas het.

Die vyand het inmiddels aan die Krokodilrivier stelling ingeneem en laer getrek. Tot laat in die nag het Schoeman en die syne krygsraad gehou. Besluit is om die vyand aan te val. In diessel fde volgorde waarin die troepe in Pretoria verskyn het, is hulle die volgende oggend die vyand tegemoet. Stiemens skets dan die verloop van die stryd soos volg. Op ongeveer 2:000 tree het 'n vyftigtal ruiters, sonder op bevele te wag, die vyand tegemoet gery. Onder hulle was een van Stiemens se blokgenote, 'n sekere Minnaar wat tydens sy gevangeskap verklaar het dat hy die dag van afrekening nie ongestraf sou laat verbygaan nie. Minnaar het van sy perd geklim en 'n vyandelike offisier en 'n burger, wat hom in Pretoria gevange geneem het, doodgeskiet. Die stryd het ontbrand en spoedig was 18 burgers gesneuwel en verskeie gewond. Aan weerskante kon vlugtendes opgemerk word, onder wie die artilleriste van Schoeman se ondersteuners, behalwe die offisier. Stiemens het hom gehelp om die kanon te bedien. By die tweede kanonskoot was die vyandelike geskut buite werking, terwyl twee burgers deur 'n kanonskoeël hul einde gevind het. Daarna het albei groepe stryddendes na hul laers begin vlug. Skote het nog geknal, maar die afstand was te groot. Minnaar was onder die laastes wat teruggekom het. Aan Stiemens se kant was, soos hy vermeld, ook 'n Fransman. Aan weerskante is die wit vlag gehys, waarop die gesneuweldes en gewondes gehaal is. Aan die kant van Stiemens en sy medestryders was ses gesneuweldes en veertien gewondes, van wie later nog twee oorlede is. In die daaropvolgende byeenkoms van die krygsraad is, ondanks die protes van Stiemens en 'n paar ander, besluit om die bloedvergieting te staak. Uit protes het Stiemens en sy ondersteuners as lede van die krygsraad bedank. Schoeman en sy seun en Kruger was volgens Stiemens nie by die geveg aanwesig nie.

Daar is vrede gesluit en tot die verkiesing is W.C. Janse van Rensburg as staatshoof aangewys. Die verlede moes begrawe word en daarmee was Stiemens sy huis en ander besittings kwyt. Dit het hom so gegrief dat hy besluit hetom hom as amptenaar aan

die Staat te onttrek en as boereskoolmeester op te tree. Die verkiesing het gekom en daarmee het President M.W. Pretorius, wat sy bedanking as Vrystaatse staatshoof ingedien het, die leiding in Transvaal oorgeneem.

Die land was in 'n gaotiese toestand en in skulde gedompel. Amptenare het geen salaris ontvang terwyl skuldbewyse uitgereik is sonder dat daar van dek sprake was nie.

Staatspresident Pretorius het Stiemens versoek om as sy sekretaris op te tree, maar Stiemens wat - om sy eie woorde te gebruik - "genoeg van de politiek" gehad het, het vir die eer bedank. Wel het hy die pos van goewermentsonderwyser aangeneem. 'n Oplossing is gevind om hom vir verlies wat hy tydens die woelings gely het, te vergoed.

Die vredesooreenkoms het nie toegelaat dat Stiemens enige betaling kon ontvang nie. Die Volksraad het egter besluit om aan mevr. Stiemens, wat aan alles onskuldig was, 'n bedrag van £1.000 te betaal om op haar naam 'n nuwe woonhuis te laat bou.

\* \* \*

Tot 1869 het Stiemens sy werkzaamhede voortgesit om in dié jaar eerste staatsklerk te word. Hy het die moeilike bestuurstydperk van President Burgers as amptenaar meegebaar en gesien hoe hierdie Staatspresident sy uiterste bes gedoen het om tot **heil** van land en volk te regeer en te arbei. Shepstone het gekom en van alle Transvaalse amptenare wat hul betrekings wou bly beklee, is geëis om die eed van getrouheid aan die nuwe bewind af te lê.

Vir Stiemens was dit 'n moeilike oomblik maar met die oog op sy gesin en "vroegere wederwaardigheden", waарoor hy nie verder uitwei nie, het hy besluit om die eed af te lê.


Na die intog van Shepstone het Pretoria, aldus Stiemens, "eene stad geheel aan de pracht en vrolijkheid gewijd" geword.

Stiemens het tot 16 Oktober 1879 in diens van die nuwe regering gebly om daarna met 'n deel van sy gesin na Nederland te vertrek. In "De Volksstem" van 21 Oktober van dieselfde jaar is o.m. opgemerk: "en alleen de verandering van bestuur bragt hem er toe zijn welverdiend pensioen aan te vragen".


Aan die slot van die manuskrip kom die volgende opmerking voor: "Na achterlating van 3 onzer kinderen die er zeer goede betrekkingen hebben verlieten wij dit schoone land, welker bewoners nu nog in gedurige strijd zijn; maar als orde, rust en vrede terug keert, als de bewoners zich meer toeleggen op kunsten, wetenschappen en landbouw, als de menigvuldige steenkolen aldaar gebruikt worden om fabrieken te doen werken en als (vervolg op bls. 22) (continued on page 22)

(Foto mnr. S. Zagt)  
(Photograph Mr. S. Zagt)

(Skets en name verstrek deur dr. J.A. Valks). (Sketch and names supplied by dr. J.A. Valks).



Die Skermvereniging "De Vrije Wapenbroeders" (opgerig Febr. 1898, Prewoor die oorlog van 1899-1902.  
Fencing Association "De Vrije Wapenbroeders" (established Feby. 1898, ia) before the war of 1899-1902.



1. Zwaters
- 2.
3. Hildebrand.
4. Bi schoff (Snr) (?)
5. Duikers
6. Mej. E. Geurtse
7. H. Wabeke
8. Mej. C. Geurtse
- 9.
10. Mej. A. Hartog
- 11.
12. Dalmeyer (?)
13. C. de Roy
14. Dr. M.S. Lingbeek
15. Mej. G. Brinkman
- 16.
17. Mej. T. Hartog
- 18.
19. Mej. Brinkman
20. P. Hoogland
21. H. de Kok
22. Weygers
- 23.
24. J. Geurtse
25. Molenbroek
26. v. Leersum
27. J.A. Valks
- 28.
29. Bischoff Jnr.
30. De Ring
31. Rader
32. De Haas
- 33.
- 34.

het schrille gefluit der locomotief door de bergen weerkaatst, dan zal dat land de voorraadschuur worden van geheel Zuid-Afrika en een der prachtigste paarlen in de Kroon der Statenrij van geheel de wereld".

(1) Doel van die skrywer was, om sonder kommentaar, die beskrywing van Stiemens te verwerk. In een opsig moet van die reël afgewyk word, daar dit die duur van die reis van Natal na Potchefstroom betref. Lesers sal opmerk dat die vertrek aan die begin van Augustus 1859 plaasgevind het en nie aan die begin van September nie. Uit ander bronne blyk dat S. sy aanstelling as onderwyser in September 1859 ontvang het.

'n Wetenskaplik-historiese oorsig oor die Transvaalse woelings o.a. in: "Geskiedenis van Suid-Afrika", deel I, bls. 346 e.v.  
Nasionale Pers, Kaapstad (1951).

(2) Van Boeschoten se skool het gestaan waar tans die Weshoek en die telefoon rekening-afdeling nou is. Moontlik is dit die gebou wat Stiemens gebou het.

(3) Stefanus Schoeman se huis "Klein Schoemandal" het gestaan waar nou die woning van die Direkteur van die Dieretuin is.

## DE BRUYN SE SKOENWINKEL

Van dr. J.A. Valks, Sydney Mansions 9, Reitzstraat, is, onder dagtekening 30. XII. 1951 die volgende bydrae ontvang, terwyl deur bemiddeling van dr. Valks van mnr. S. Zagt die foto verkry is waarna die skrywer verwys. Die redaksie is dr. Valks en mnr. Zagt dankbaar vir hul medewerking. Hier volg die inhoud van die skrywe van dr. Valks.


"In Deel 1, No. 2 van Pretoriانا kom tussen heelwat wetenswaardigs op bls. 14 'n foto voor van "De Bruyn se Skoenwinkel". Die datum van oprigting, 1893, is egter onjuis, altans vir die gebou. Die datum moet later wees, want die "Noord-Brabantsche Schoenwinkel" was geruime tyd gevestig in die "Franken-gebou", omtrent regoor die winkel op genoemde portret, dus ook in die ou "Marktstraat".

Die gebou was effens onderkant die plek, waar die eerste Residensie-Hotel gevestig was wat vanaf 1900 deur Mn. en Mevr. Groeneveld tot bloei gebring is. Voor die tyd was dit meer 'n spoggerige losieshuis onder bestuur van 'n Juffr. Mientje. Mn. Franken self, die eienaar, het daar by tye gewoon.

Aan die noordkant het die eintlike "Frankengebou", waarin die skoenwinkel gevestig was, gestaan. In later jare is die hele blok ingeneem deur die Arbeidsdepartement en is eers onlangs afgebreek.

De Bruyn was egter reeds in 1888 (waarskynlik nog 'n ietsie vroeër) gevestig in kamers in "Marktstraat" (nou Paul Krugerstraat) naby die hoek van Strubenstraat, langsaa die plek, waar op 'n effens later datum die familie H. Zagt hul sake begin het.

Op die foto (1) is die warandadeur regs De Bruyn sy besigheid.



Mnr. Zagt het later al die grond gekoop, wat 'n gedeelte van die woonplek van Mnr. Bok in Strubenstraat, uitgemaak het. Daarop is toe 'n dubbelverdieping hoekhuis en winkel gebou, wat daarna uitgebrei is met nog vier persele, almal is vandag nog in gebruik.

In die oorspronklike besigheid het De Bruyn hooftsaaklik 'n reparasie-werkplaas gehad, waar ook aangemete skoene gemaak is, besonder deeglike werk; in die dae 'n uitkoms vir mense met voetgebreke. De Bruyn was toentertyd een van ons huisvriende. My vader wat in sy jonger jare ook onderwyser was het hom en 'n sekere mnr. Schepper(?) vir plesier Engels geleer. Dre les het gewoonlik geëindig met koffie en koek en 'n geselsie tot laat in die aand.

Een aand vertel De Bruyn, dat hy besig was aan 'n skoen met 'n sool en polvy van drie duim vir 'n mank man, toe 'n kaffer inkom. Hierdie nasie was in die ou dae maar taamlik baar. Die jong staar stom verbaas en vol bewondering die werk aan. "Ehè, baas, mhłè, baas!" "Ja, jong, dis vir 'n man met 'n siek been".."Nna kecrata xo na le seēta, samblief, baas". "Nee wat, jy kan nie daardie skoen koop nie. Dis baie werk om hulle te maak en dit kos baie sjelt". "Dis niks, baas, ek sal bataal". Die kaffer hou aan, dat hy so'n paar skoene wil hê. Op die uend kom hul toe ooreen oor die prys en 'n paar skoene is gemaak, wat later 'n hele opskudding van bewondering en afguns in sy lokasie verwek het".

(1) Toegunstiglik deur Mnr. S. Zagt vir reproduksie afgestaan.

# INVESTIGATION BAINES PAINTINGS

In connection with the article on "Investigation Baines Paintings" by Mrs. P.E. Punt which appeared in Volume I, No. 2, of "Pretoriania", permit me to supply the following additional information.

One of the three paintings - the one executed for Mr. A. Brodrick - is in the possession of the City Council and is reproduced in the Centenary Album published by authority of the City Council. It is a view of Pretoria from the north-western slopes of Meintjes Kop, showing the Apies River drift (now Lion Bridge) on the left and Church Square and the surrounding areas in the background.

According to Baines, this painting and the other two were made for the fee of £10.10.0 each. (Incidentally, Baines says that one of the paintings was made for Mr. Hermann Jeppe, whereas the article in "Pretoriania" refers to Mr. Carl Jeppe).

The painting in the City Hall was acquired by the City Council in 1935, for £100 and it was stated by the person offering it for sale that it was bought in Pietermaritzburg in 1889. When the Council agreed to buy it, the seller wrote, "You can put the amount against that I owe on my sewerage loan, about £90, and the balance against an electrical stove and equipment which I am anxious to install and obtain through your Electrical Department".

This painting is an exact replica of the one made for Mr. Robert Lys except that the latter is painted in a very pleasing greyish colour whereas the municipal one has brick-reddish as the dominant colour.

In his diary Baines records that, "The price of Mr. Broderick's picture was nearly balanced by the store account. Mr. Lys gave me two good trek-oxen and Mr. H. Jeppe two Colonial notes for £5 each which passed in Pretoria for £9.10.0., the other 10/- remaining due." (The error in calculation is Baines's, not mine). Baines's financial resources had been completely exhausted when he arrived in Pretoria in January, 1872, and the only way he could maintain himself and "the kaffirs" was by his work. I hope that one day all three these historic paintings will be in the possession of the City Council.

H. P. H. BEHRENS,  
Public Relations Officer.

## GRANT OF ARMS

Grant of Arms to S.T.,  
(S.T. stands for the  
Latin "Sine Titulo",  
and means *Without  
Title* ( C. F. B. J. )  
Mr. Johann Friedrich  
*KIRST*, in Dutch  
Service at the Promon-  
tory of the Cape of  
Good Hope, 1767.

I, August Lebrecht  
Friebel, Delegate of  
His Imperial Roman  
Majesty and of the  
Holy Roman Empire,  
Count Palatine and  
Aulic, Inspector  
General of Excise at  
Leipzig of the Elec-  
torate of Saxony,  
avow by these presents  
and make known to  
whom it may concern:  
Inasmuch as I, among  
several other high  
Imperial favours,  
privileges and pre-

rogatives, have most graciously been endowed and provided with  
this Imperial privilege in that I have full power and authority  
to give and grant on behalf and in the name of His Imperial  
Roman Majesty and the Holy Roman Empire, to persons of probity  
and merit, whom I may esteem worthy of this, each in accordance  
with his condition and conduct, certain Arms and Jewels, with  
shield and Helm, and also to create and raise such persons,  
their legitimate heirs and successors, in perpetuity, to the  
dignity of Companions in Arms and of Fiefs, with all the  
honours, dignities, privileges, freedoms, prerogatives, rights  
and dues, as are more clearly and circumstantially set forth in  
my Imperial, Aulic and Palatine Letters patent dated Rudolstadt,  
the 15th February, 1764:

And whereas I have seen and remarked his virtue, good morals,



Arms of Mr. Johann Friedrich Kirst

intelligence and also military experience acquired and whereas now for some time S.T. Mr. Johann Friedrich Kirst, a German by birth, born at Eberstedt in Saxe-Weimar, but at present in Africa at the Promontory of the Cape of Good Hope, where he holds a high position in the Dutch Service and enjoys a happy God-given prosperity, has been particularly recommended to me by reason of these excellent qualities, by trustworthy persons who know and praise him; now therefore, taking into consideration these very excellent causes and merits, I have after

mature consideration, good advice, and with a clear conscience, by virtue of the powers and authority vested in me, granted and accorded, on behalf and in the name of His Imperial Roman Majesty and the Holy Roman Empire, to the aforesaid meritorious Johann Friedrich Kirst, now living at the Promontory of the Cape of Good Hope, and to all his legitimate heirs and their heirs and successors, of both sexes, of this lineage, in the best form and manner, the hereinafter described Shield and Helm and appendant Jewels, as the everlasting Coat-of-arms of the heir family, and to make and raise each and all of them to Companions of Arms and of Fiefs.

The new Family Arms hereby conferred are composed as follows:

A photograph of the first page of the original Grant of Arms, issued to Mr. J.F. Kirst



It consists of a Shield of a new form divided per pale (i.e. by a perpendicular line) in two equal parts. In the field on the right side there appears on the open sea in the free air under a blue sky, an immovable upright metal Column, in the middle of which a Sword and a Key crossed are attached, which are emblematical of proven staunchness in the storms and vicissitudes of life, and the means of seeking and finding happiness with wisdom along proper lines. The other field is gold with four red bands or stripes across it, which refers to a certain very old family badge, formerly used more particularly by one member of this Kirst family and incorporated in memory thereof. The shield is surmounted by a helm, with raised visor, covered by a gold properly formed crown. In the middle of this crown there stands, between a red and a blue flag, a man dressed in blue, who bears the same insignia which appear on the Column, namely in his dexter hand a Sword held downwards and in his sinister hand a Key pointing upwards, thus indicating again, with a few changes, both his courage shown on many occasions in former military service as also the wisdom which he has at all times shown to set about the right way to open the door to a true and lasting felicity.

Finally the mantling of the Helm which also drapes the two sides of the Shield, is of red shaded with gold. As may be seen in the Coat-of-arms, and Jewels, properly designed, limned and very clearly depicted at the beginning of these Letters Patent in their full size and in all their colours.

This I do and hereby accord, give and permit by virtue of the power and authority vested in me as Imperial Count Palatine and Aulic, and by virtue of these Letters Patent, Him, the said Mr. *Johann Friedrich Kirst* and all His legitimate issue and their heirs and successors of both sexes, to have, to bear, and to hold these family badges and arms, with shield and helm together with the appendant jewels, for ever and always and to use them on all occasions and in all honest and reasonable matters and company, against obloquy and affront, in storms, assaults, combats, fights, on banners, tents, ornaments, seals, stamps, jewels, at funerals and furthermore in all places and for all purposes, to their honour and for their requirements, as they like and see fit, and also to have every grace and freedom, honour and dignity, advantage, right and justice, with the appointments and advancements, spiritual and temporal, enjoyed by other Companions in Arms and of Fiefs of His Imperial Majesty and of the Holy Empire, and to be entitled to feudal rights and services, to judge and sentence and to have part in all this and be worthy of it, able and virtuous in spiritual

and temporal ranks and matters and to rejoice that they may use and enjoy all these things just as all other Companions in Arms of His Imperial Majesty and of the Holy Empire, Hereditary Kingdoms, principalities and countries have them and rejoice that they may use and enjoy them by right or custom without let or hindrance.

All this also with the commands and prohibitions as set forth and included in the Diploma of the Palatine Court, received by me, on pain of His Roman Imperial Majesty's and of the Holy Roman Empire's severe displeasure, and a penalty and punishment of 300 Mark fine gold, (one Mark is equal to 28 Rixdollars. C.F.B.J.) in which anyone who audaciously contravenes them in the manner prescribed will be mulcted at once.

The foregoink notwithstanding, others who bear the same Coat-of-arms and Jewels, which You properly desire to have, shall remain in possession of their Coats-of-arms with their rights unprejudiced and unimpaired.

In witness whereof I have personally signed this formal Grant of Arms with my name in my own hand and affixed thereto my ordinary seal of Palatinate Aulic.

(Was signed)

AUGUST JEBRECHT FRIEBEL  
as  
Comes Palatinus Caesareus  
(Imperial Palatinate Minister).

(Translated and written from the German into Dutch, by C.F.B. Juritz, Cape Town, the 15th June, 1849).

- 
- (1) Dr. C. Beyers: "*Die Kaapse Patriotte*" (p. 21); refers to Jan F. Kirsten as a rich farmer and landowner.  
This Jan F. Kirsten is the same person as Johann Friedrich Kirst.
  - (2) Translated into English by Mr. H. van Tinteren through the good offices of the Chief Archivist, Dr. C. Beyers.
  - (3) The original is in the possession of Mrs. E.W. Rodda (Pretoria) with whose kind permission we are able to reproduce the translated contents and the photographs of the original Grant of Arms.

(J.P.)

## DIE "EEUFEES-ALBUM"

Die Stadsraad van Pretoria en die samestellers van die "Eeu fees-album" met die ondertitel "Pretoria se eerste eeu in beeld" kan geluk gewens word met die vrugte van hul werk, 'n album van 120 bladsye, gevul met leesstof en afbeeldings wat aan die Hoofstad in die verlede en hede gewy is.

Koste nog moeite is gespaar om die geskiedenis van Pretoria, veelsydig soos dit is, in beeld weer te gee. Waardevolle en dikwels uiters seldsame foto's is deur 'n skat van dokumente afgewissel en daaruit leer die belangstellende die ontstaan, opkoms en aanhouende uitbreiding van ons stad tot in die fynste besonderhede ken. Ons gaan terug na die dae van die stigting, deurleef en aanskou die lotswisselinge van ons stad in jare van vrede en oorlog, welvaart en teenslag.

Kleurryke figure uit die verlede, belangrike persone wat as gevolg van die geweldige groei van die stad en ook as gevolg van die tempo waarin die hedendaagse mens leef, op die agtergrond gekom en soms reeds in die vergeetboek verdwyn het, neem in die album die plekke in wat hulle volgens reg toekom.

Spotprente van Schröder, afbeeldings van leer- en leesboekies uit die verlede wissel af met hoogtepunte uit die geskiedenis van die stad soos die beleg van 1880 - 1881, die regeringsjare van President Kruger, die besetting van die stad deur die Britse troepe in 1900. Die kerklike en kulturele lewe van die verlede is in die album beklemtoon, sport en ontspanning, die sakelewe, die verkeer en vervoer is nie vergeet nie.

Wat ons veral getref het is die intimiteit van die lewe in die outydse Pretoria, iets wat mens na daardie dae laat terug verlang. En hierdie groot veranderings het alles binne 'n eeu hul beslag gekry.

Dat die album reeds nou verskyn het, vind sy oorsaak in die Van Riebeeck-herdenking. Met die koets gaan 'n eksemplaar van die album na Kaapstad, 'n treffende geskenk van die groeiende Hoofstad in die Noorde aan die Moederstad.

Die samestellers (prof. S.P. Engelbrecht, mnr. J.A.I. Agar-Hamilton, prof. A.N. Pelzer en mnr. H.P.H. Behrens) en die Stadsraad verdien die dank van elke opregte Pretoriaan wat sy stad liefhet. Geskiedkundiges sal die werk ook verwelkom. Dit is verkrygbaar by die firma J.L. van Schaik Bpk., die prys is 32/6.

J.P.

## THE "CENTENARY-ALBUM"

The City Council of Pretoria and the compilers of 'The Centenary Album', with its subtitle "Pretoria's First Century in Illustration", are to be congratulated on the fruits of their labour: an album of 120 pages, packed with text and illustrations devoted to the capital in the past and present. Neither expense nor trouble has been spared in depicting the many aspects of Pretoria's history. Valuable and often extremely rare photographs are interspersed among a wealth of documents, from which those who are interested can learn down to the most minute detail of the origin, growth and continuous expansion of our city. We live again in the days of its founding, we experience for ourselves its vicissitudes through years of peace and war, prosperity and misfortune.

Colourful figures from the past, distinguished names which, because of the spectacular growth of the city and the tempo of modern life, have been forced into the background and in some cases forgotten altogether, here regain their rightful place. Caricatures by Schröder and illustrations of text books and primers of the past are varied by highlights from the city's history, - the siege of 1880 - 1881, the regime of President Kruger, the British occupation in 1900. The religious and cultural life of a past age has been stressed in this album; sport and recreation, business life, traffic and transport have not been overlooked.

Especially striking is the spirit of friendliness which prevailed in oldtime Pretoria, and one feels a hankering after those old days. And all these great changes have come about within a century!

The publication of the album at this time is due to the Van Riebeeck Festival. Accompanying the coach to Cape Town is a copy of the album, - an impressive present from the growing Capital in the North to the Mother City.

The compilers (Prof. S.P. Engelbrecht, Mr. J.A.I. Agar-Hamilton, Prof. A.N. Pelzer and Mr. H.P.H. Behrens) and the City Council deserve the gratitude of every true Pretorian who loves his city. Historians will also welcome this book. It is obtainable from J.L. van Schaik Ltd., the price being 32/6.

J.P.

# HERINNERINGS UIT OUD-PRETORIA

deur

Mnr. C. MORGAN

in 'n onderhoud met

H.P.H. BEHRENS, Stedelike Skakelbeamp te

My naam is Cornelis Morgan en my adres Malherbestraat 287, Capital Park. Ek is op 28 Oktober 1888 in Vermeulenstraat gebore en het vir 'n aantal jare na 1898 by Boomstraat 275 gewoon.

My vader was François Petrus Morgan. Een van sy pligte was om die klok te lui as die Zeederberg-poskoets op Kerkplein aankom. Die lui van die klok het alle inwoners na die Kerkplein gelok waar hulle hul brieke kom afhaal het. Die klok het in die groot ou akkerboom gehang wat gestaan het min of meer waar tans die ingang tot die Capitol-teater is. Langsaan het 'n kantoorgebou gestaan wat soos 'n doodskis gelyk het, (the Coffin).

Toe ons in Boomstraat gewoon het, het hulle net begin om die Dieretuin aan te lê. Dr. Gunning was die eerste een wat daar mee begin het.

Net oorkant ons - d.w.s. noord van Boomstraat - het ou mnr. De Waal gewoon. Sy grond het tot by die Aapiesrivier gestrek en aan die Dieretuin gegrens. Sy oudste seun was Johan en die tweede een Eddie. Sy twee dogters was Margaretha en Joey. Die twee strate in daardie buurt (De Waalstraat en Margarethastraat) heet na die familie.

Eddie en ek was groot maats en eendag het die kangaroe uit die Dieretuin ontsnap. Eddie en ek het hom aan sy stert gevang. Net as hy spring, tel ons die stert op - ons was bang hy sou ons byt. So spring-spring is ons na dr. Gunning en het toe 6d. gekry. Ek het by mej. Van Manen in Bloedstraat skool gegaan en ander leerlinge wat ook daar was, was (nou) prof. J.C. Bosman, Andrew Bosman en dr. Gilles de Kock (Onderstepoort). Tydens die oorlog van 1899 - 1902 is ek na 'n ander skool by mnr. Tromp. Hy het skool gehou in 'n saal wat deur generaal Piet Joubert gegee is en die Joubertsaal genoem is. Dit was tussen Struben- en Bloedstraat en Prinsloo- en Du Toitstraat geleë. Die huis by Van der Waltstraat 7 was destyds die woning van oud-onderwyser Ribbens.

Boomstraat was van sy begin in die ooste (naby die Leeubrug)

tot by Paul Krugerstraat, met wilgebome bedek. Langs die straat het 'n groot watervoor geloop. As dit reën dan was Boomstraat so vol water dat ons in die sloot geswem het.

Net 'n eindjie verder, langs die De Waal's, het mnr. Pierneef gewoon. Sy plek se naam was "Prinshof". Sy twee seuns en ek was maats. Cor en ek het altyd voëls gaan vang en Hennie (die skilder) was ook een van ons. Ook daar digby het die Hagen's en Du Toit's gewoon. Die twee Du Toit-seuns was Phillip en Stoffel. Stoffel het altyd op sy tone geloop en was later in die municipale diens.

Ek onthou nog goed waar die tol gestaan het. Dit was net teenoor die huidige sirkel by die kruising van Soutpansbergweg en Beatrixstraat. Tot onlangs het daar nog 'n doringboom gestaan. Ek was baie keer by die tol. As die plaasboere na die dorp-toe kom, moes hulle eers tol betaal voor die hek oopgemaak word. Later het die boere met 'n span osse gekom en die tol weggesleep en dit was die einde van hierdie tol.

Vertel word dat met geleenthede uitsonderings gemaak is en plaasboere wat stad-toe gekom het en wat op 'n perd met 'n bles en vier wit pote gery het van die betaling van die tol-geld vrygestel is. Ek dink die tarief was 6d. vir 'n perd, 1s. vir kar en perde en 2s. vir wa en osse.

Pres. Kruger het ek goed geken. Hy het baie op sy stoep gesit en daar het twee wagte voor die huis gestaan. Eendag moes ek 'n kollektelys vir die Sondagskoolpiekniek - ons kerk het toe op Kerkplein gestaan - na hom toe neem. My suster en ek is sommer direk met die lys na die President.

So bang-bang vir die twee wagte met gewere het ons genader. Een van hulle het toe na die President gestap wat op die stoep gesit het en ons toe maar laat inkom. Die ubaas was baie simpatiek en het ons met eens uit die Bybel vasgevra, maar ons is tog met 'n goue Krugerpond in ons hande daar weg.

Ek onthou die Kerkplein van vroeër jare baie goed - die kerk met sy vier deure en gallery. Ek moes elke Sondagoggend kerktoe gaan en elke Sondagmiddag Sondagskool-toe.

Ek onthou nog die voetstuk vir die standbeeld van die ou President wat nou by die stasie staan. Dit het agter die kerk gestaan, aan die westekant, maar sonder die beeld.

Ek onthou ook die fontein wat nou in die Dieretuyn staan.

Waar tans die Reserwebank is, was 'n losieshuis. Ek dink dit was 'n mnr. Pickard wat daar gewoon het.

Ek onthou ook nog die ou watermeule. Dit was net om die hoek van Prinsloostraat naby Hove se drif (min of meer in die nabheid waar tans die Roma Bakkerij is).

Een ding wat nooit uit my geheue sal verdwyn nie is die dag toe

lord Roberts in Pretoria aangekom het. My werk was om elke more voor ek skool-toe gaan vir my ma vleis te gaan koop. Dit was by die slagter Reynolds en Williams, toe nie ver van T.W. Beckett se winkel nie. (Die winkel word nou in 1952 gesloop.) Toe ek by die winkel uitkom, sien ek Engelse troepe daar verby ry, met lord Roberts aan die spits. Ek het gestaan en was verstom want ophou wou hulle nie. Ek wou graag die einde sien en die skool sou netnou begin. Die troepe wou net "Criger" (Kruger) -tiekies koop en hulle het sommer 'n sjieling vir een betaal. Hulle was op pad na hulle kamp wat geleë was waar tans die hospitaal staan.

Die krygsgevangene-kamp was net teenoor (oos van) waar tans die Leeuhokke van die Dieretuyn teen die hange van die rand geleë is. Eers het die Boere Engelse gevangenes daarin gehad en ons het altyd na hulle gaan kyk, maar later het die Engelse Boere daarin opgesluit en my een oom, W.J. Morgan, wat nog leef, was ook 'n krygsgevangene in hierdie kamp. Hy is egter later Indië toe gestuur.

Toe die Engelse Pretoria ingekom het, het 'n paar bomme oor Arcadia gewaai en ons as kinders het in 'n "skerm" ingekruip wat mnr. Mont (Mundt?) gemaak het.

Ek het lord Kitchener persoonlik ontmoet toe ek nog 'n seun was. My pa het te perd van die oorlog teruggekeer en het die perd aan my gegee. Toe ek een middag uit die skool kom, sien ek net hoe die Tommies besig is om my perd te vat. Ek is saam met hulle want ek wil my perd terug hê. Hulle roep toe vir lord Kitchener om hom die seun te wys wat nie sy perd wil gee nie. Lord Kitchener gee my 'n bewys vir £9 en ek is huis-toe en natuurlik het ek elke middag na skool na sy kantoor gegaan om my £9 te haal. Dit het vir 'n paar weke aangehou totdat hy moeg vir my was en my die geld gegee het.

Sy kantoor was in die gebou wat regoor die Masonic Hotel staan (Dominion Buildings, noordoostelike hoek van die kruising van Vermeulen- en Andriesstraat).

Perde gebuit

Nog iets wat ek goed onthou is: Die Engelse het reg voor my tante se huis gekamp. Dit was hoek van Carl- en Maltzanstraat, Pretoria-wes. Hulle het soms konserte gehou en ons ook genooi. Hulle perde het agter die huis in 'n kamp geslaan, langs die treinspoor. My vader en oom het die draad gespan wat die dorp afgekamp het en moes tussen die pale blikkies vasmaak so dat hulle raas as die Boere in die nag wil deurkom. Nou ja, pappie het geweet waar die draad hoog gespan was en iemand maklik kan deurkom.

So het dit ook gebeur: - My een oom Jim Gethard en kapt. Nau de het herhaalde male deurgekom en na tante se huis gegaan en alles gesien wat aangaan. So is daar etlike boere daar uit. Een aand het hulle gekom toe die konsert op sy lekkerste was en buit al die perde. Ja, jy het 'n hele lawaai gehoor maar die boere is weg. Die draad was geknip en die perde is daardeur gevat.

'n Staaltjie wat my vader my vertel het, is soos volg:  
Die prisoniers in die gevangenis het geen bewaarder gehad wat hulle opgepas het nie. Hy het in die dorp gewerk waar die magistraat hom gesé het wat om te doen. Die prisoniers het egter nooit weggeloop nie en altyd hulle tyd uitgedien. As die vrou van 'n prisonier op sy plaas siek word en hy kry **so'n** boodskap of 'n brief, dan gaan vra hy verlof vir 'n week. Dit word hom toegestaan en na sy week verblyf, kom hy weer werk om sy tyd uit te dien. Daardie tyd kon jy nog 'n man se woord aanvaar.

## KOCHSTRAAT EN BOSMANSTRAAT

Met verwysing na die artikel oor "Die Oorsprong van ons Straatname" (Pretoriania, deel I, nr. 2 berig mr. H.P.H. Behrens, stedelike skakelbeampte:

Die besluit om die naam van Kochstraat na Bosmanstraat te verander is deur die Stadsraad in Januarie 1942 (nie 1933 nie) geneem. Die voorstel om hierdie verandering te maak is deur Raadslid G.H. Brink, 'n voormalige burgemeester van Pretoria, gedoen.

Vandag word algemeen aangeneem dat Kochstraat na twee broers vernoem is wat 'n winkel in dié straat gehad het. Ons weet egter dat op die hoek van Kerk-, en Andriesstraat (waar tans Durban House - Hamilton's - staan) 'n groot winkel met 'n groot-handelaarsafdeling gestaan het wat aan Koch en Kie behoort het. Is daar miskien van u lesers wat weet in watter verband hierdie besigheid met dié in Kochstraat gestaan het? Of is daar tog 'n ander oorsprong van die naam Kochstraat as dié wat algemeen aangeneem word?

## STREET NAMES OF PRETORIA

Owing to unforeseen circumstances the usual article in the origin of the street names of Pretoria could not appear in this issue, in stead of which we are publishing the following letter by Mr. C.J. Beanes.

(The Editor)

*The Secretary,  
Association Old Pretoria.*

Your invitation to me to attend the lecture by Mr. Cooper at the Technical College was very much appreciated and the evening was most instructive and enjoyable.

The Presentation of a copy of "Pretoriana" was particularly pleasing and the Society need not be ashamed of such a publication.

Future research workers into Pretoria's history will obviously place some reliance on the contents of "Pretoriana" and for that reason alone every care will I hope be taken to ensure that the articles will contain only authoritative knowledge and not be merely entertaining to read and with guesses accepted as certainties.

With your kind indulgence and with the sole object of being helpful and constructive I will endeavour to answer a few of the questions asked and comment on some of the articles.

*Du Preezhoek*

I found this article really delightful although I had to get a friend to help me out with it (I am ashamed to have to admit that).

Mr. Budke, it states, has never heard who built Jess Cottage. In the Book "Jess" it simply says that the cottage consisted of two rooms, a bedroom and a good sized sitting room. The deed conveying the land to Rider Haggard was, forty years ago, and exhibit in the Room Street Museum. I have not noticed it of recent years. Perhaps that would show if the cottage was in the grounds when Rider Haggard purchased the property.

*Palace Street*

There can be no doubt that this street was originally known as

Court Lane because Dr. M.Kirsch had his works at 274 Court Lane. 274 is the number of the erf on the west side of the street.

The question is was it an official name? Palace Street and Parliament Street were so named by the Municipality in the early days of the century. Parliament Street was formerly known as Church lane and Theatre Lane. The choice of the name Court Lane was surely prophetic in 1885 when there was probably no thought of the Supreme Court occupying one whole side of the lane.

### *Ek onthou*

In this interesting account of old times Mr. B.J. Kleynhans states that he does not remember where the Raadsaal was situated in his boyhood days. When Pretoria became the capital of the Transvaal the Volksraad and Government offices appear to have occupied Erf 412, the eastern half of the present site of the Raadsaal. The western half (Erf 411) was occupied by the European Hotel. According to an article by the late E.Rooth M.P. "during the building of the Raadsaal in the early nineties the President of the Republic with the Executive Council and their staff, occupied a small thatch-roofed house on the western side of the Transvaal Hotel. The Volksraad (which consisted of about twenty two members) met in a small hall on Church Square." The shops Nos. 209 to 217, on Erf 462 Pretorius Street, known as Van Erkom's Buildings, were erected in 1903 and replaced the building which for a while accommodated the President of the Republic and the Executive Council. In the 1890's Van Erkoms advertised their address as Old Government Buildings, Pretorius St.

Miss J.H. Davies, on page 6, in connection with the making of Palace Street, mentions the "Oude School Gebouw" which stood at the N.W. corner of Church Square and part of which building had to be demolished to make room for the new street. Was that the meeting place of the Volksraad mentioned by Mr. E. Rooth?

The European Hotel closed 30th November, 1888, having been sold to the Government for £7,000. 0. 0d.

### *Historical collections of the Transvaal Museum*

The Market Building which housed the Museum for a few years was the Little Market Hall on the east side of Market Hall and at present occupied by a firm of Market Agents. The Museum in Boom Street was opened to the public on the 15th December 1904, just after its completion.

It is unfortunate that in the reference to the Kruger Museum the address is incorrectly given as Church Street West. The correct address is 60 Church Street. It is very inconvenient and often misleading that in Pretoria there are two streets, one named Church Street and the other Church Street West and each has its own set of numbers. Church Street commences at Park Avenue and goes eastward to Hatfield and Colbyn. Church Street West also commences at Park Avenue but goes westward.

### *The origin of our street names*

It is to be hoped that the origins of our street names to be published in "*Pretoriania*" will not repeat the guesses that appeared in the "Pretoria News" in November, 1949. Such guesses as Hamilton Street after Robert Hamilton, Wessels Street after Sir John Wessels, John Street after John Dougall, Reitz Street after President Reitz, Shepherd Street after the Shepherd should not be perpetuated.

I cannot entirely agree with the origin of the name Bank Street as shown in the first issue of "*Pretoriania*". It would be sufficient to mention only the Standard Bank.

The Natal Bank did not open in Pretoria until 1886 and for some years occupied a portion of Erf 368 on Church Square where the Palladium Cafe is today. The Bank moved to the corner of Bureau Lane and Bank Street in the middle nineties - I cannot locate the year - and I think that you will agree that the name Bank Street was in common usage much earlier than that. In fact, was it not known variously as Bank Street, Avenue and Lane before the Natal Bank opened in Pretoria?

The architects, Soff and de Zwaan, who had one of the offices in the courtyard behind Hoffmann's Buildings advertised their address as Bank Avenue.

C. J. BEANES  
17 Sher Court.

# OORLOG EN 'N KOERANT

DEUR Dr. T.S. VAN ROOYEN

(Slot)

"I must wish you all good night after list'ning to my song,  
"And I hope I haven't tired you by keeping you too long;  
"If the fleas will only let you, I sincerely trust you may  
"Pass the night in peaceful slumbers in a quiet sort of way".

Die volgende dag het jonk en oud hierdie liedjie lustig gesing; dit was opbeurend en het dit hul aandag van veel meer ernstiger dinge afgelei. Onder die oë van die Boere op die heuwels, wat eienaardig genoeg die kamp nooit onder die lood gesteek het nie, is selfs atletiekbyeenkomste gehou.

Woensdag die 2de Februarie kon die "News of the Camp" berig dat een C. Sussens die honderd treë in 12 sekondes gewen het.

Grappige insidente is met groot gelag oorvertel. Dit was byvoorbeeld gebruiklik om gewapende naturelle snags om die waens wag te laat staan. Enigeen wat gewaar word deur die brandwag, moet dan gedaag word en die persoon moet nader kom en dan die wagwoord vir die aand aan die brandwag fluister sodat enige Boer wat miskien in die nabyheid is nie kan agterkom wat die wagwoord is nie. Een aand toe "Dinsdag" die wagwoord was, het een Hendrik Pinto wag gestaan vir die eerste keer. Na 'n rukkie het hy voetstappe hoor nader kom. "Oo - kom- da?" roep Hendrik onseker uit. "Just stop da, or I shoot ver quick". "Friend", roep die onsigbare persoon senuweeagtig terug. "Ah" het die nou gerusgestelde brandwag daarop van hom laat hoor, "then you must just come 'longside 'o me and say "Toosday", that's all!"

Hierdie lighartige skerts en ook die gedurige verlange na uitkoms het dan ook in vrugbare teelaarde vir optimistiese gerugte gebied sodat selfs die redakteurs die gerug dat die 91ste regiment vanaf Kimberley Potchefstroom ontset het prominent geplaas het sonder om te besef watter bewarende uit-

werking dit op die gemoedere van die ingehoktes sou hê as hierdie gerug vals blyk te wees. Verder is daar ook beweer dat Colley reeds oor die Vaalrivier is en dat die ontsetting van Pretoria nou enige dag verwag kan word. Na die opwinding wat hierdie berigte veroorsaak het, het die eerste gerugte van Britse teenslae die kamp bereik en het 'n volslae gevoel van hulploosheid en neerslagtigheid hom van die beleerdes meester gemaak sodat in die uitgawe van 2 Maart die redakteurs verplig voel om die pessimiste op te heur --- "but we counsel patience to very one, and venture to hope the time is not far distant when we shall be called upon to chronicle "the beginning of the end". Nogtans, ofskoon die redakteurs dit nie so bedoel het nie, gee die stuk die indruk van swaamoedigheid. - Dit was dus 'n geval van hemelhoog juigend tot die dood toe bedroef! - Hierna was die redakteurs dan ook meer versigtig met die gevolg dat daar vanaf die 9de Maart tot die 19de Maart geen verdere oorlogsnus geplaas is nie.

Toe, op die 19de Maart, het die berigte van die slae van Ingogo en Majuba soos 'n donderslag verskyn. Na 'n volledige beskrywing van die noodlottige terugslae wat Colley gely het soos dit verskyn het in die Vrystaatse koerant "De Express" en wat deur die Boere onder beskerming van 'n wit vlag die kamp ingestuur is, probeer Du-Val sy lesers nog opbeur deur te skryf: "The present outlook is anything but pleasant; if it were only from the page of sorrow the past will in future reveal to us when we think upon the gallant comrades who have fallen in fulfilling their duty and proving their obedience as true soldiers should". Die lighartige geskerts ten opsigte van die Boere se gewaande onvemoë om Colley terug te slinger het nou verdwyn en is daar rondborstig erken dat die militêre toestand versleg het. Angsvallig word nou aan die belofte dat versterkings gestuur sou word, dat die Britse oorwig aan getalle die Boere eenvoudig tot oorgawe sou dwing, vasgekleef. Die beleerdes moes net moed hou; aan 'n oorgawe van Pretoria sal en kan daar nie aan gedink word nie. Merkwaardig genoeg is dit dat in hierdie tyd van teenslae, hierdie tyd waarin die ingehoktes voor die naakte werklikheid geplaas is en die gemoedere hoog geloop het, toe die lied van kaptein Churchill:

"When the rebel Boer is fool enough to defy the British sway -  
"But we'll teach him yet to rue it, in a quiet sort of way ---"  
nie meer gesing is nie, toe die bitterheid oor die neerlae op  
sy felste was, die redakteursvir geen oomblik daarvan gedink  
het om enige propagandistiese skeldtaal teenoor die Boere te  
gebruik nie, of om enige laaghartige onbeskaafde optrede aan  
die deur van die Boere te plaas nie.

Toe die nuus van die voorlopige vredeskikking die kamp bereik  
het, was, soos te verstaan, die mense baie verbitterd. Menere  
Du-Val en Decker, in hul kommentaar op die vrede wat in die  
uitgawe van die 30ste Maart verskyn het, wys dan ook daarop dat  
die inwoners maande van gevaar en ongerief deurstaan het en  
selfs in sommige gevalle die hoogste offer gebring het, omdat  
aan hulle die plegtige gelofte gemaak is dat hul ontberings nie  
verniet sou wees nie. En nou? Nou word hulle in die steek gelaat  
en is dit waarvoor hulle geveg en gesterf het verniet gewees?  
Die stuk word dan ook afgesluit met die vraag of die vrede 'n  
"Peace without honour" was? - Vrede sonder eer - dit sou die  
begin wees van daardie vloedgolf bitterheid wat oor die hele  
Britse Rijk gespoel het en is die idee "Wreek Majuba!" gebore.

Op die 9de April het die 40ste en laaste nommer van die "News  
of the Camp" verskyn. In hierdie nommer word 'n oorsig gegee  
van die verloop van die oorlog en die beleëring van dorpie  
soos Pretoria, Marabastad, Wakkerstroom, Rustenburg, Lydenburg,  
Standerton en Potchefstroom. In hoeverre het dit die Boere  
beinvloed om later gedurende die Tweede Vryheidsoorlog die  
taktiese flater te begaan om weereens groot gedeeltes van hul  
leërmagte te gebruik om geweste soos Kimberley en Ladysmith te  
beleër?

DR. T.S. VAN ROOYEN.

**D**ie publikasie van  
hierdie blad is  
moontlik gemaak  
deur die oudste  
skoenwinkel in  
Pretoria

(O p g e r i g 1893)

**DE BRUYN**  
**SE SKOENWINKELS**

*(Edms.) Bpk.*

Kerkstraat 285 en 143